


POST CARD
GREAT REAL PHOTOGRAPH
REPRODUCTION
MAY 1915
NEW YORK



Dexter

Joernaal 2015 Journal

ORB Dexters

BREEDER OF RED & BLACK DEXTER CATTLE
(shortlegged and non-shortlegged type)



Nola, (SP- 0062959424) birth date 26/4/2006, TKP 329 days(8 calves), Senior and Grand Champion Dexter Cow at Jacaranda Show 2014.



Mandie (SP - 0079417317) birth date 17/4/2014, Toddler and Reserve Grand Champion Dexter Heifer as well as Jnr Interbreed Female Champion at Hert-zogville Show 2015.



OCKIE EN RIANA BARNARD

OCKIE: 082 802 8203

RIANA: 084 693 4200

FAKS: 086 653 1803

E-POS: OCKIE@REDT.CO.ZA

www.orbdexters.co.za

BESRAS VAN DIE TOEKOMS

ORB
DEXTERS

Aim to be better than the best!



Amadeus Fred

- Goue meriete bul • Dexter junior kampioen en groot kampioen bul - Bloemskou 2014
- Interras groot kampioen bul - Bloemskou 2014 • Nampo 2014 interras groot kampioen bul



Genetika wat vir hulself praat

HENDRIK STRYDOM EN SEUNS

073 289 5111 • amadeusdexters@gmail.com • www.amadeusdexters.co.za

Inhoudcontent

- Brief van die/Letter from the President **4**
- Dexter Raad **5**
- Notes on the origin of the Dexter breed **6**
- Handleiding en riglyne vir nuwe en ou Dexter telers **10**
- Rasstandaard van die SA Dexter **15**
- Brucellose en die beheer daarvan **17**
- The significance of Eye Muscle Area **22**
- Melkproduksie by Dexters **25**
- The Bulldog gene in Dexters **29**
- Cross breeding Dexters with other breeds **33**
- Logix aantekeninge makliker gemaak **35**
- Getting ready, Get set, Show **39**
- 2014 Skou uitslae **42**
- 2014 Sales/Veilings **44**
- Produksieaantekeninge Logix vleis **46**
- Herkonsepsie van Eerstekalfkoeie **51**
- Bestuursplan vervangingsverse **53**
- Dexter lede/members **54**

Adverteerders advertisers

- ORB Dexters **IFC**
- Amadeus Dexters **1**
- SA Dexter **3**
- PureBred Dexter SA **9**
- Rolo **13**
- Elgin Ridge **16**
- Marogoa tent hire **18**
- Anla Landboudienste **18**
- Jakkalskloof **21**
- Vleissentraal **23**
- Zandu Dexters **27**
- Unistel **31**
- Marso Uthando Boerdery BK **32**
- TJ Dexters **32**
- Shamdex Dexter Stud **34**
- Lundi Dexter Stoet **36**
- Tomar Dexter Stoet **38**
- Spree Dexter **41**
- Peter McEwan Livestock cc **45**
- Mohimba **49**
- Voermol **50**
- Vrystaat Dexter Klub **IBC**
- Willow Bend **OBC**



PRESIDENT:
Ockie Barnard 082 802 8203
SECRETARY:
Janet Barnard 084 356 6666
secretary@dextersa.co.za
MARKETING:
Winett McKenzie
marketing@dextersa.co.za



The small cow with a big future / Die klein bees met 'n groot toekoms

Hoekom Dexters?

- Goeie voeromset - 5.73kg per 1kg vleis
- Goeie groei - 1.4kg per dag
- Beste koei/kalf speenverhouding van alle rasse - 55.9% teenoor 45.5% gem van land se koeikudde
- Uitstekende dubbeldoel
- Baie goeie alternatief om verse melk te maak in die suiwel sowel as vleiskuddes
- Swart en rooi beeste beskikbaar
- Meer vleis per Ha geproduseer. 3 Dexters in die plek van 2 grootraam beeste met goeie speengewigte
- Goeie moeders en temperament
- Baie goeie vleiskwaliteit en snitgrotes
- Baie gehard en aanpasbaar

Hoe kan jy bekostig om nie met 'n Dexter te boer nie

Die Dexter ras is aan die vooraand van groot hoogtes in die Suid-Afrikaanse beesbedryf. Die ras was al vir etlike jare bekend daarvoor dat hul nie net alleen hul man staan by interras kompetisies by skoue nie, maar gereeld die interras kampioene vertoon.

Die hoogtepunte van 2014 was:

- Tydens Nampo van 2014 is 'n Dexter bul, Amadeus Fred, as die top interras bul aangewys tussen 24 ander beesrasse.
- Uitstekende pryse wat behaal is op die Dexter Veiling van 3 Mei 2014 te Bloemfontein asook die Pretoria veiling van 15 Maart 2014.
- Puik prestasies met die volgende skoue en interras kampioenskappe:
 - o Pretoria, Ermelo, Thabazimbi, Bultfontein, Hertzogville en Bloemfontein.

As mens die klimaat en plantegroei van die meeste dele in die RSA in ag neem, is daar min ander rasse wat naasteby so kan presteer as die Dexters. Die ras is lig op die veld en is ongelooflik aanpasbaar. (Dexters word regoor Suid-Afrika aangetref en kan enige klimaat hanteer.) As mens egter 'n teler vra, hoekom hy/sy met 'n Dexter boer, is die meeste se antwoord: 'sy temperament'. Hulle is maklik hanteerbaar en het Dexter telers dus nie so baie arbeid en/of groot drukgange/krale nodig om die diere te hanteer nie!

Die ras is bekend as 'n dubbeldoel ras en sommige telers doen ongelooflik goed met melkproduksie. Die afgelope paar jare het die ras egter ook naam begin maak by die Fase C kompetisies (by die LNR se toetsstasies) en gewys dat hy nie slegs 'n mooi dier is met 'n mooi temperament nie, maar dat hy ook sy plek kan volstaan in die vleismark. Die Dexter ras se voeromset % tel onder die heel beste van alle beesrasse in die RSA. Verder speen Dexter koeie selfs meer as 55% van hul liggamsmassa en dan weeg kalwers, wat gespeen word op 210 dae selfs tot meer as 200kg.

Dit is om al die bogenoemde redes dat ek regtig opgewonde is oor die vooruitsigte van die ras. My voorspelling is dat al meer en meer kommersiële boere sal besef dat dit nie al beter is om 'groter' (bigger is better) te gaan nie, maar eerder groter winsmarges te dink. (Met 'n Dexter kan meer top-gehalte vleis per hektaar geproduseer word as enige ander beesras en dus meer winsgewinder mee geboer word!)

Die SA Raad van die Dexter Genootskap het op 16 en 17 Januarie 2015 'n uiters suksesvolle bosberaad gehou. Die tema van die bosberaad was; hoe om nog winsgewinder

The Dexter cattle breed is on the brink of great heights in the South African cattle environment. The breed has been known for the majority of years to not only compete against other breeds at the interbreed competitions, but frequently took the honours.

The highlights of 2014 were:

- During Nampo 2014 a Dexter bull, Amadeus Fred, was crowned interbreed champion amongst the 24 other different cattle breeds.
- Outstanding prices achieved on the Dexter auctions (3 May 2014 – Bloemfontein & 15 March 2014 – Pretoria).
- Outstanding performances with the following shows and interbreed championships:
 - o Pretoria, Ermelo, Thabazimbi, Bultfontein, Hertzogville and Bloemfontein.


Considering the climate and vegetation in the majority of regions in RSA, there are few other cattle breeds that can perform like the Dexter. The Dexter has a low impact on veld and is very versatile. (Dexter cattle are found in all regions of South Africa and adapt well to any climate). Should you enquire from any breeder why he/she breeds with Dexter's, the majority would indicate that it is due to the good temperament of these animals. They handle very easy, and are therefore not as labour intensive nor do they require excessive special equipment with handling.

The breed's uses are two fold, milk and meat. Some breeders are doing great with milk production. Over the last few years the Dexter breed has also gained respect at the Phase C competitions (at the ARC test centres) and did not only prove to be a good looking animal with a great temperament, but also stood its ground with meat production against other breeds. The Dexter breed's food consumption turnover % proved to be amongst the best compared to other cattle breeds. Dexter cows wean calves that weigh more than 55% of their body mass and calves weaned on 210 days weighed more than 200kg.

Due to all the above reasons, I am therefore very excited about the future and prospects of the breed. I predict that more and more commercial farmers will realise that it is not always better to go bigger but to think smarter ... realising that you can produce more meat per hectare than any other breed and will therefore be more profitable.

The SA Dexter Council held a very successful 'indaba' on 16 and 17 January 2015. The focus was: How to

BRIEF VAN DIE | LETTER FROM THE **President** OCKIE BARNARD



met die ras te boer. Telers, wat die voorreg gehad het om dit by te woon, was opgewonde oor die inligting wat daar deurgegee was.

Ek wil graag al die mense (en daar was baie) wat betrokke was by die samestelling van hierdie Joernaal bedankvirhul insette. (Ek gaan hulle nie name noem nie, want anders laat ek dalk iemand uit, maar Sam Marx verdien spesiale vermelding.) Ek wil ook al die adverteerders bedank vir jul ondersteuning, want anders was hierdie Joernaal nie moontlik nie.

Baie dankie ook aan die SA Raadslede vir jul harde en onbaatsugtige werk aan die Genootskap, maar die meeste dank aan ons Skepper vir die voorreg om met so 'n besonderse ras te boer.

A special note to all our English readers:

We plan to translate all the Afrikaans articles and put them on our Dexter SA website later. If however you urgently need an informal translation of these articles, please contact Sam with your request.

make more money with Dexter cattle. Breeders that were able to attend were excited about the information obtained during the 'indaba'.

I wish to thank everyone involved (too many to name them all) who were involved with the compilation of the Journal for all their inputs. I want to extend a special word of thanks however to Sam Marx for all his hard work. I also want to thank all the advertisers for your support, because without your support, there would be no journal.

My appreciation is also extended to the Council members for your hard and selfless work to the SA Dexter Society. The highest praise however is for our Creator for the privilege to breed with this special animal.

Dexter Raad



PRESIDENT
Ockie Barnard
Faks: 086 653 1803
Sel: 082 802 8203
president@dextersa.co.za
Posbus 17555
BAINSVLEI, 9338



VICE-PRESIDENT
Hendrik Strydom
Tel: 053 574 0793
Faks: 086 665 8064
Sel: 073 289 5111
amadeusdexters@mtnloaded.co.za
Posbus 240
PETRUSBURG, 9932



Raadslid/Council member
Tom Heath
Tel: 058 307 5616
Faks: 086 530 9170
Sel: 084 514 5697
tcsmans@gmail.com
Posbus 2018
BETHLEHEM, 9700



Raadslid/Council Member
Johan Daffue
Tel: 051 443 8719
Faks: 051 443 8719
Sel: 082 338 5319
ansiedaffue@gmail.com
Posbus 34017
FAUNASIG, 9325



Stamboek Verteenwoordiger
Coen Van Tonder
Sel: 082 571 2818
dorancodexters@gmail.com
Posbus 34253
FAUNASIG, 9325



Raadslid/Council Member
Johan Nel
Tel: 051 603 7065
Faks: 051 603 7065
Sel: 082 849 4799
majubastuds@nokwi.co.za
Posbus 162
LADY GREY, 9755



Bemarking/Marketing
Winett Mackenzie
Faks: 051 451 1916
Sel: 083 293 2911
marketing@dextersa.co.za
Posbus 17740
BAINSVLEI, 9338



Joernaal/Journal
Sam Marx
Sel: 084 548 4971
sbmarx@vodamail.co.za
Posbus 25495
LANGENHOVENPARK, 9330



Sekretaresse/Secretary
Janet Barnard
Faks: 086 653 1803
Sel: 084 356 6666
secretary@dextersa.co.za
Posbus 17555
BAINSVLEI, 9338

IN THE

on the ORIGIN of the Dexter breed

A Widely accepted belief regarding the origin of Dexter cattle is that they are a mutation of the Kerry breed. When this mutation occurred is unrecorded, and the general obscurity surrounding the origin of the breed leaves scope for rival theories. These encompass the romantic idea of the breed evolving from the old Kerry cattle and Spanish bulls put ashore on the south west of Ireland from storm buffeted ships, and Prof. Wilson's more mundane theory that the breed simply resulted from the crossing of Kerry and Devon cattle. ("The Origin of the Dexter-Kerry Breed", The Scientific Proceedings of the Royal Dublin Society – 1908)

First mention of dexter cattle by name occurs in Prof. David Low's "Domesticated Animals of the British Islands" Published in 1842. Prof. Low wrote that the breed "was formed by the late Mr. Dexter, agent to the late Maude, Lord Hawarden. This gentleman is said to have produced his curious breed by selection from the best of the mountain cattle of the district. He communicated to it as a remarkable roundness of form and shortness of legs. The steps, however, by which the improvement was effected have not been sufficiently recorded....."

In the intervening century and a quarter, no further information came to light on Mr. Dexter. Some authorities no longer believe in this involvement with the breed. That Mr Dexter, an agent to Lord Hawarden, existed, is evidenced by this mention in Arthur Young's "Tour of Ireland 1776-78" published in 1780: "Mr Dexter of Cullen has a ram and a great number of ewes sent to him, the breed much improving ." This indicates an interest in sheep rather than cattle breeding!

In 1814 a "Report of The Agriculture and Live Stock of The County Kerry prepared under The Direction of The Farming Society, Ireland" by the Rev. Thomas Radcliff, was published in Dublin.

This extremely detailed survey, done barony by barony, makes no mention of Mr Dexter or Dexter cattle. It may, however, be of interest to quote briefly from the report-Section 10 "Breed of Cattle" – "From the introduction of the improved kinds of cattle this county now contains the long horned Leicester, the Hereford, the Holderness and the Devon. The COMMON CATTLE of the country are partly the short horned, varying in size according to their pasture. In mountain farms, they are very small and mainly short horned. These mixtures of blood have operated towards the extinction of the original Kerry breed of small cattle, so beautiful in their symmetry, so valuable for the pail and so easily fattened to the quality of fine grained meat."

In view of the foregoing, and other theories not discussed here, one can hardly accept unreservedly the contention that a Mr Dexter evolved in Co. Kerry, and launched in 30 years, a breed of cattle which has spread to many countries, and whose characteristics have persisted and are clearly recognisable. The significance of Mendel's discovery on genetics, and the fate of other small breeds whose names are rarely heard today, increases one's doubts and curiosity regarding the real background of the breed.

In the Surveys of various Irish counties published in the early years of the nineteenth century, mention is made of cattle of Dexter type. Tighe, in his Survey of Kilkenny published in 1802, wrote: "The Kerry cows are often driven into this country for sale; they are preferred in dairies for their quantity of milk ... their size does not often exceed a moderate sucking calf..."

Wakefield in his "Account of Ireland", published in 1812, wrote of two kinds of cattle on the borders of Kerry: "In the mountainous parts towards the south-west of this county (Cork) the Kerry breed of cattle is found; by frequent crossings with the long-horned they have produced a small breed which has nearly the same character"

Cattle of Dexter type were recorded by Sampson in Derry in 1815, Youatt mentions them as being in Co. Wicklow in 1834, but none of these works refers to Dexters by name or to Mr. Dexter. Arthur Young ("Tour of Ireland 1776-78") who gave us a glimpse of a Mr Dexter, a breeder of sheep, wrote of the cattle he saw in Co. Kerry, the traditional home of the Dexter, "... the

little mountain or Kerry cow, which upon good land gives a good deal of milk. I have remarked as I travelled through the country, much of the Alderney breed in some of them".

These excerpts from reports and observations published in the English language show the cattle of Dexter type were noted in Ireland almost two hundred years ago. In addition, there exist in Gaelic, earlier reports and legal documents, since cattle represented an exchange medium, which seem to indicate the existence of a strain of cattle resembling the Dexter type.

We
are proud to
continue the dreams of
Irish lady Doreen Whelehan,
foundation member, who
commented on the Overvaal Dexter
Club as follows: "...the club has
inspired a spirit of togetherness
and honesty amongst breeders,
integrity, and the will to
develop the breed by
participation."

Since the middle of the last century, the excavation of archaeological sites in Ireland has shed some light on early cattle types. In 1862 Wilde examined skulls from the Lagore crannog (7th – 10th centuries) and confirmed straight, curved, short horned and hornless samples. He further stated that about 1835 Ireland possessed four native breeds of cattle amongst which was 'the old Irish cow' of small stature with intermediate length horns, of various colours but principally black and red.

Reporting on the Ballinderry Crannog No.2 (6th-7th Centuries), Stelfox and Jones stated: "In Britain and Ireland domestic cattle from Neolithic to comparatively modern times were a mixture of various types in the main small in size"

In the second half of the nineteenth century, breed improvement was undertaken in connection with both Kerry and Dexter type cattle. A register was published in 1887 by the Irish Farmers' Gazette; after the issue of three volumes this was taken over in 1890 by the Royal Dublin Society, as a Herd Book. In England in 1892 an English Kerry and Dexter Society was founded, and an English Kerry and Dexter Herd Book was published in 1900.

The establishment of a herd book for Dexters, however, did not fulfil the hopes of the promoters, as registration requirements demanded a breeding policy, which, because of the breed's inherent character and genetic make-up, proved almost disastrous. In 1919, the Kerry and Dexter Society of Ireland decided, because of the disappointing results achieved, to confine their attention to the promotion of the Kerry breed only. After 1917, the Royal Dublin Society ceased to have

classes for Dexters at their annual shows. Since 1919 there has been no breed society for Dexters in Ireland. However, Dexters and Dexter crosses are still found in Co. Kerry, and some agricultural shows in that county still have classes for them. While there is a tradition of Dexters being brought to South Africa as early as the 1880's, I unfortunately have, to date, been unable to find any definite proof of this claim. The records of the Department of Agriculture here, however, show that the first importations of pedigreed Dexters were to Mrs A. I. Conroy, Firwoods, Paarl, C.P. The bull, La Mancha Chief, was born in 1913, and was bred by Mr R.T. Robertson, Malahide, Co. Dublin; it was registered in the English Kerry and Dexter Society Herd Book, as were the imported females. All these animals were registered here in the Kerry section of the S.A. Herd Book of the S.A. Stud Book Association. Some of these animals and their progeny were sold in the Cape Province and the Transvaal.

In 1920, Lady Phillips, Vergelegen, Somerset West, C.P., bought animals from Mrs Conroy's original herd, and in 1921 imported further females from Ireland. These latter importations were also registered in the English Kerry and Dexter Herd Book, and were accepted for registration here, bringing the S.A. Kerry section to 50 registered animals. There was a keen demand for the breed, and in a few years it spread to the Free State and Natal, as well as the other provinces. The Department of Native Affairs acquired animals with "Oakridge" and "Benenden" prefixes. These were imported animals. They also owned animals from local Kerry studs – with prefixes "Sterkstroom" and "Vergelegen". In 1938 the late Dr Nobbs, C.P., imported a large consignment of animals registered in the Dexter Society Herd Book in England. These were first registered here in the Kerry section of the S.A. Stud Book. This, however, was subsequently cancelled, and the same animals were entered as 'Dexters'; this was the first 'Dexter' registration in the S.A. Stud Book.

To conclude I should like to quote from Prof. Wilson who borrowed from Wallace: "After all what is the probable origin of the word 'dexter'? An Author, while travelling in Kerry some years ago, found that the word 'dexter' was used in a generic sense with reference to all diminutive animals, even men, if low-set and bandy-legged; and also that the term was in the first instance applied to 'short-legged sheep kept by a resident coastguard officer' (Wallace's Farm Live Stock



of Gt. Brittain, 1907, page 205). The original Mr Dexter was a breeder of Leicester sheep which, in comparison with the native Irish sheep, were short-legged and stout. It is said that sheep bred by Mr Dexter were called 'Dexters'. Did not the word pass on from Mr Dexter's sheep to other stout animals, and even to men?" (Scientific Proceedings, Royal Dublin Society Vol. XII, No.I).

Rapport 28 Junie 1998 – berig deur: Leon Coetzee



Krugersdorp'N HULPELOSE weduwee van 77 jaar, Mev Doreen Whelehan, is wreedaardig in haar huis op 'n kleinhoewe vermoor waar sy meer as 30 jaar gewoon het. Die lyk is Vrydagoggend deur haar huishulp gekry. Baie min goed was gesteel, sover kon vasstel, is net 'n radio weg, asook ander elektriese toestelle.

Met hierdie berig oor die Geskiedenis deur haar destyds, wil ons graag huldeblyke bring aan haar aangesien sy diep spore in die Dexter bedryf getrap het in die RSA.



PureBredDexterSA

ensuring the future of the Dexter breed



Voorsitter:

Kobus Ehlers

Selfoon: 082 692 9809

E-pos: kobusehlers@lantic.net

Onder-voorsitter:

Anne Anholts

Selfoon: 084 575 0020

E-pos: anne@infraplan.co.za

Sekretaresse:

Kelpie van der Merwe

Selfoon: 071 600 7838

E-pos: kelpie.oost@gmail.com

“

HANDLEIDING

en riglyne

vir NUWE en OU
Dexter telers

”

Deur: COEN VAN TONDER en WINETT MACKENZIE

U belangstelling in die Dexterras word baie waardeer. As 'n toekomstige teler word u verwelkom by die Genootskap en vertrou ons dat u baie gelukkig sal wees. As u 'n ou teler is, is hier ook n paar brokkies inligting wat u handig te pas sal kom.

INLEIDING:

Die Dexterras het homself bewys as die ras wat in enige klimaat, semi – woestyn tot sub - tropies, kan floreer. As gevolg van goeie melkproduksie is hulle goeie moeders vir hulle kalwers. Dit is veral klein grond eienaars wie Dexters aanhou vir melk, botter, kaas, en vleisproduksie. Hulle is baie populêr omrede hulle maklik hanteer en vervoer kan word. Geen duur en groot vervoermiddels en/of hanteer toerusting is dus nodig nie.

Die ras is bekend vir sy dubbeldoel eienskappe en lewer tussen 2 500 en 3 500 kg melk in 'n 300 dae laktasie. Dit is ± 1 000 kg melk per 100 kg liggaamsmassa. Dexters is vroeg vrugbaar en kan dus vir sy eienaar een ekstra kalf lewer wat nie sommer met ander rasse gedoen kan word nie. So het Dexters ook 'n hoë langslewendheid met gevolg dat hulle nie so gereeld vervang hoef te word nie.

LIDMAATSKAP:

Enige persoon woonagtig binne of buite die RSA. mag aansoek doen om lidmaatskap van die SA Dextertelersgenootskap. Die regte en voorregte van elke lid is persoonlik van aard en mag nie na 'n ander persoon oorgedra word nie. Die nodige aansoekvorms om lidmaatskap is vanaf die sekretaresse verkrygbaar en moet volledig voltooi word. U moet by beide die

Dexter Genootskap sowel as SA Stamboek aansluit om as teler geregistreer te word.

VOORVOEGSEL EN LIDNOMMER:

Elke teler moet 'n voorvoegsel registreer vir die benaming van sy diere, m.a.w. 'n stoetnaam. U keuse van 'n voorvoegsel sal aan S.A. Stamboek voorgelê word. Hierna sal S.A. Stamboek 'n voorvoegsel en lidnommer aan u uitreik wat gebruik sal word op alle geboortekennisgewings asook alle korrespondensie rakende u diere.

KUDDE KENMERK TEKENS:

Elke teler moet 'n kudde kenmerk teken (wat uit nie meer as 4 letters bestaan nie) registreer om sodoende die diere wat deur hom/haar geteel is te identifiseer. Hierdie kudde kenmerk tekens sal deur S.A. Stamboek vir u geregistreer word.

TATOEËMERKE EN OORPLAATJIES:

Die teler se kudde kenmerk letters, die jaarsyfer en die nommer wat die volgorde van geboortes van die betrokke diere aandui moet in die oor van die diere getatoeër (bv SP 05065), word. Die diere se oor word skoongeskeer en dan word die inksaai aangebring voordat die nommer getatoeër word. Vryf daarna met 'n ou

tandeborsel oor die merk om dit in die gaaitjies beter in te laat vloei. In die middel van die oor loop 'n aar. Ek beveel aan dat u die letters bo die aar en dan die nommer onder die aar aanbring.

Die oorplaatjie word in die ander oor aangebring met die dier se besonderhede.

GEBOORTE KENNISGEWINGS:

'n Geboorte kennisgewing moet vir elke kalf wat gebore word, voltooi word (self al is die kalf dood, te vroeg gebore of geaborteer). Die rede vir die indiening van sulke geboortes is om die moeder se interkalf (tydperk tussen elke kalf se geboorte) rekords op datum te hou. Dit is belangrik dat geboorte kennisgewings akkuraat en volledig ingevul word. Gegewens van die moeder en die vader moet asseblief reg ingevul word, want enige fout kan eindlose vertraging in die verwerking van die dokumente by S.A. Stamboek veroorsaak. Sodra die kennisgewing ontvang en geprosesseer is, sal 'n geboorte kennisgewing sertifikaat uitgereik word. Alle kalwers se geboortes moet binne 90 dae na geboorte aangemeld word en na S.A. Stamboek gestuur word. Hierna sal 'n boete vir laat registrasie betaalbaar wees.

INSPEKSIES:

Alle diere en ingevoerde diere is onderworpe aan inspeksies. Alle kalwers moet tussen 12 maande en 20 maande geinspekteer word alvorens hulle ten volle geregistreer kan word. Sodanige inspeksies sal deur opgeleide inspekteurs, soos deur die Raad aangestel, uitgevoer word. Nadat inspeksie voltooi is, word dit aan S.A. Stamboek gerapporteer en word daar dan 'n Registrasiesertifikaat vir die dier uitgereik.

OORDRAGTE:

Alle oordragte moet binne 30 dae vanaf die datum van die oordrag aan S.A. Stamboek gestuur word. Agter op die registrasie sertifikaat van die diere is voorsiening gemaak vir sulke kennisgewings. Hierdie sertifikaat moet ook die oordragte vergesel.

KANSELLASIES:

Sodra 'n dier dood is of vir een of ander rede gekanselleer word, moet S.A. Stamboek binne 30 dae van so 'n kansellasië in kennis gestel word. Sodanige kansellasië moet vergesel wees van die dier se registrasie sertifikaat, U kan dit ook aanlyn doen d.m.v. Logix. (Sien elders in Joernaal meer inligting oor die gebruik van Logix.)

BULLE VIR TEELDOELEINDES:

Om kopers en verkopers te beskerm, moet alle bulle wat vir teelddoeleinde gebruik word, se DNA getoets word. Instansies, soos UNISTEL doen hierdie toetse teen billike tariewe en kan u hul skakel oor die prosedures. Geen bul wat die Bulldog geen dra mag verkoop word vir teelddoeleinde nie. (Sien volledige artikel elders oor die Bulldog geen elders in hierdie joernaal.)

WENKE BY DIE AANKOOP VAN STOET DEXTER BEESTE

Toekomstige kopers van Dexter beeste moet die volgende aspekte in gedagte hou:

1. Registrasies sertifikaat:

Wanneer geregistreerde diere aangekoop word, moet op die registrasie sertifikaat van die betrokke diere aangedring word. Hierdie sertifikaat kan dan met die tatoeër merke in die ore van die diere vergelyk word en seker gemaak word dat dit ooreenstem.

2. Dekkings sertifikaat:

Wanneer koeie in kalf aangekoop word moet op 'n dekkings sertifikaat aangedring word wat die dekdatum, die naam, identifikasie nommer en registrasienommer van die bul wat gebruik was, aandui.

3. Nie-Lede:

Indien u nie lid van die Genootskap is nie moet u dit oorweeg om eers lid te word voordat u geregistreerde diere aankoop. Geregistreerde diere kan wel aan nie-lede oorgedra word, maar die aandeel van sodanige diere kan nie in die naam van nie-lede geregistreer word nie. Vir enige verdere inligting kontak asseblief die sekretaresse van die Genootskap.

INSPEKSIE STANDAARDE

Moet saam met die rasstandaarde gelees word (Sien elders in hierdie joernaal)

Die Dexter is 'n dubbeldoelras met goeie vrugbaarheid en melkeienskappe. Die standaard is vir alle geregistreerde diere verpligtend. Die registrasie van diere wat nie aan die vereistes voldoen nie, sal gekanselleer word.

1. Reproduksie:

Vroulike diere:

'n Vers moet ten minste op of voor die ouderdom van 30 maande vir die eerste keer gekalf het.

2. Algemene voorkoms:

Bulle:

- Gebrek aan manlikheid bv. Swak kop of swak bespieroing.

Vroulike diere:

- Gebrek aan vroulikheid bv. te manlike kop en nek en te swaar bespieroing.

Uiterstes in grootte:

- bv. Baie groot of baie klein of baie fyn beenstruktuur. Onaanvaarbare temperament.

Kleur:

- Bv. wit op enige ander plek as op die onderlyn agter die naeltjie.
- Geen "brindle" strepe enige plek op die dier nie.

3. Kop :

Papagaai bek

Visbek
Skewe gesig
Baie kort "bulldog" tipe kop.

4. Bene:

Regop hakke
Sekel – koeihakig
Slap kootgewrigte
X – voorbene
Knyptone – duiftonig
Lang hoewe
Uitgedraaide voorbene

5. Skouers:

Oormatige swaar skouerontwikkeling, veral by vroulike diere.
Los skouers

6. Toplyn:

Swak lende en Boggelrug
Duiwelsgreep – geknyp agter die skouers

7. Agterkwart:

Swak bespierung (binne en buite dye)
Oormatige hangkruis
Gedraaide of skewe stertwortel
Oormatige prominente stertwortel

8. Reproduksie organe:

Hippoplastiese of enkel testikels
Gedraaide testikels (meer as 45° grade)
Lang skede
Prolaps in die voorhuid
Kort penis
Infantalistiese vulva by vroulike diere
Misvormde spene
Swak gebalanseerde uier

EENVOUDIGE EN GOEDKOOP BOERERATE

Let wel: U gebruik op eie risiko en kan die Dexter Genootskap nie hiervoor verantwoordelikheid aanvaar nie!

Deur: Coen Van Tonder

1. Goedkoop toedieningsmiddel vir bosluise:

Meng 125ml Pro-Dip met 4liter kookolie en gooi dan 5ml per 50kg lewende gewig van dier oor kop, rug en stert gedeelte.

2. Seer oë by beeste:

In die plek van oogpoeier en salf, kan u ook mastitus salf of selfs Terramycin in die geaffekteerde oog gooi.

3. Bees wat opgeblaas het:

Meng 1 teelepel dettol met 1 koppie lou water. Druk hand in bees se bek en voel met vingers tot waar tong nie meer grof is nie en gooi vloeistof daar in. U kan ook kookolie of selfs coke gebruik, mits die dier nie al te vër opgeblaas is nie.

4. Droë galsiek:

Meng 2 koppies asyn, 1 koppie suiker, 1 pakkie droë Yeast, 1 pakkie engelse sout met water in 'n 2l koeldrank bottel en gooi in die bees se mond. Doen dit stadig sodat bees self sluk en nie verstik nie!

5. Wonde wat dood of droog is by beeste:

Gooi 'Meat Tenderiser' op die wond. Dit sal help dat die harde kors afval en sal die wond dan behandel kan word om gesond te word.

6. Sweer wat nie wil gesond word nie:

Sny of maak sweer bietjie oop. Gooi Peroxide daaroor. Die sweer 'kook' dan uit. Spoel goed agterna uit met soutoplossing van 1 eetlepel soutop 100ml water. Maak goed skoon, want die Peroxide 'vreet' verder aan die wond.

7. Maal jou eie goedkoop lekke:

Meng 10 sakke sout, 1 sak P12 lek konsentraat en voeg dan in die somer 2 sakke molassemeel en in die winter 1 sak molassemeel daarby.

8. Voorsorg vir opblaas:

Meng engelse sout en blomswael 50/50 en gee in voor dier in voer gejaag wod (skaap 'n afgeskraapte eetlepel en bees 2 eetlepels)

9. Vrotpootjie:

Druk geaffekteerde poot in petrol.

10. Bees met knopvel:

Spuit 20ml blouspiritus op ongeveer 10 verskillende plekke onder die vel in. Selfs die knoppe sal nie meer na hierdie behandeling sigbaar wees nie.

11. Dikkop by skape:

Spuit antibiotika of M&B pille en was kaal dele van gesig gereeld met Dazzel oplossing – hou dier in skadu – sal nie eens vervel nie.

12. Blou-uier by ooie:

Was aangetaste deel met terpentyn (mineral turps)

13. Wanneer baarmoeder uitkom van koei/ooi na kalwing of as sy gelam het:

Ontsmet en druk die baarmoeder versigtig terug. Met pyp en tregter gooi genoeg yskoue water by vagina in. Die koue laat dit krimp en die gewig van die water hou die spul agter die ysbene. Sit 'n steek of drie in om te keer dat dit nie weer uitkom nie. Spuit antibiotika.

14. Seerplekke:

Deur: Christo Venter

Spuit Doom (insekdoder) tot dit skuim op die wond en jy sal verbaas wees hoe gou dit gesond word.

082 964 6879 / 082 924 5565 / 082 350 8051 / 082 393 0811



rolo@isat.co.za

www.rolovoermengers.mobi

ROLO

TOGETHER
A WINNING
COMBINATION



LiellieBel Dexters
Kobus Maree
082 924 5565



RASSTANDAARD

VAN
DIE



KLASSIFIKASIE

Die Dexter word geklassifiseer as **dubbeldoel**.

KENMERKE

KOP

Manlik: Manlik vertoon. Goeie lengte, met goeie breedte en sterk oogbanke.

Vroulik: Vroulik vertoon met 'n rustige uitdrukking, met goeie lengte en breedte.

Oë: Groot en helder, sonder om veel wit te vertoon.

Ore: Van middelmatige grootte en wakker gedra.

Neusspieël: Breed en sterk met groot oop neusgate.

Kake: Skerp omlyn, breed en sterk.

Tande: Groot en sterk met goeie sluiting teen die kussing van die bo-kaak.

NEK

Manlik: Lank, diep en breed met goed ontwikkelde skof.

Vroulik: Lank en nie so breed soos by die bul. Plooitjies is fyner as die van bul.

SKOUERS

Manlik: Goed gespierd, goed aangeheg en beweeglik met 'n ronderigheid oor die kambene.

Vroulik: Gladder sonder swaar bespieroing.

BORSSTUK

Breed.

BORSOMVANG

Manlik: Breed en diep.

Vroulik: Breed maar minder diep.

Haasleër: Vol.

Rug: Breed en reguit.

Lende: Breed en vol.

Ribbe: Goed gesprong.

HEUPBENE

Manlik: Breed, ietwat gerond bo. Heupbene minder prominent en nie so vër uitmekaar as by vroulike diere.

Vroulik: Breed, ietwat gerond bo.

Kruis: Lank, breed effe dakkig met matige helling van voor na agter met wye draaibene.

AGTERKWART

Manlik: Lank, breed, goed gespierd. Breed in sitbene

met die wydste punt in die dye. Moet die vorm van 'n perdehoef aanneem.

Vroulik: Dieper sonder die swaar bespieroing.

BENE EN KLOUE

Vierkantig geplaas. Goed gevormde kloue met goeie diepte agter. Breë sterk droë skoon hakke op 'n plat beenstruktuur.

KLEED

Vel en hare: Vel los en soepel met voldoende pigment, hare kort dik, sag en glansend.

KLEUR

Swart, Rooi en Dun

Manlik: Beperkte wit naby die geslagsdele toelaatbaar.

Vroulik: Wit op die uier en beperk tot agter die nawel op die onderlyn toelaatbaar.

Swart: Beperkte wit in die kwas toelaatbaar.

Rooi & Dun: Oorwegend wit in die kwas toelaatbaar. Pigmentasie op die neus, ooglede en geslagsdele vleeskleurig en die hoewe amber. Beperkte rokerige pigmentasie op die neus en hoewe wel toelaatbaar.

UIER EN SPENE

'n Goed gebalanseerde uier met vier funksionele kwarte. Goed na vore aangeheg feitlik gelyk met die onderlyn. Vier spene van middelmatige lengte en dikte. Uier moet nie laer as die hakke gedra word nie. Hoër agteraanhegting word verkies.

GESLAGSORGANE

Manlik: Goed ontwikkel en normaal in alle opsigte. Die skrotum bevat twee eenvormige goed ontwikkelde testes, hang reguit, aan 'n relatiewe dun nek, weg van die die lyf en is bedek met sagte hare. Die skede pas netjies in by die onderlyn sonder om oormatig grof te vertoon.

Vroulik: Goed ontwikkel en sonder uiterlike tekens van infantilisme of misvorming.

ALGEMENE VOORKOMS

Manlik: Manlik en robuust. Voldoende bespieroing op voorarm, rug, lende en dye met 'n sterk gedefinieerde manlik stof. Beenstruktuur is relatief fyn maar sterk,

met 'n goed ontwikkelde voorkwart en borsdiepte in verhouding tot lengte van lyf.

Vroulik: Fyner in alle opsigte van die bul. 'n Goeie, gebalanseerde raamwerk met wigvormigheid van heup na skouers asook van die kant gesien, met die agterkwart wat dieper vertoon as die borsstuk. Gedurende laktasie is oortollige vetbedekking uiters

ongewens. Oormatige vetverspreiding langs die stertwortel, op die borsstuk en in die broek en flank is ongewens.

HOOGTE

Manlik: Ideaal van 120cm gemeet net voor die kruis.

Vroulik: Ideaal van 112cm gemeet net voor die kruis.

ONGEWENSTE EIENSKAPPE

- Neigings na te groot of te klein,
- Duiftonigheid,
- Oormatige wit in kwas of onderlyn,
- Oormatige vetneerlegging op vroulike diere,
- Hakke wat afwykings toon,
- Klein hang-uiers met oorgrootte spene,
- Gedraaide skrotum,
- Hol of geboë rug,
- Te growwe koeie of te fyn bulle,
- Bobbejaan stert

DISKWALIFIKASIES

'n Diskwalifikasie is 'n afwyking wat 'n dier ongeschik maak vir stoetteling:

- Enige van Ongewenste Eienskappe (15) indien dit in 'n ekstreme graad voorkom,
- Regop-hakkigheid,
- Infantiele of misvormde geslagsorgane,
- Enige tekens van sub-fertiliteit,
- Kleur mengsels,
- Skewe stert,
- Lang onderkaak,
- Kort onderkaak,
- Skewe gesig,
- Duiwelsgreep,
- Swak Temperament,
- Te klein testis.

Elgin Ridge

Our aim is to breed, raise, and supply the best quality Free Range Grass fed Dexter Beef. Raised without any stimulants, hormones, feed additives or un-natural products, on our certified organic wine farm in Elgin, Western Cape. Lucerne is sometimes used to supplement their feed. Grain is **not allowed** at any time in their diet. The animals are reared in a free range environment and are **not allowed** to be in a feedlot at any time. This provides a healthy, humane, ethical and natural product.

Brucellose

EN DIE BEHEER DAARVAN

**Brusellose, ook bekend as Besmetlike Misgeboorte (BM)
is Baie Moeilikheid (BM)**

Bees brusellose of *Brucella abortus* is 'n bakterie wat die selle van die dier se liggaam binnedring en nie met enige entstof of medikasie vernietig kan word nie. Dit impliseer dat indien 'n dier of selfs 'n persoon brusellose onderlede het, die bakterieë altyd teenwoordig sal wees en nie genees kan word nie. Vanuit die vorige sin is dit duidelik dat brusellose ook na die mens (Zoönose) oorgedra kan word en daarom is dit 'n Staatsbeheerde en aanmeldbare siekte (Wet 35 van 1984)¹. Hierdie gedeelte van die Wet op Dieresyktes verleen die nodige magte en bevoegdhede aan veeartsenydienste (Staat) om Brusellose te probeer beheer.

Die feit dat brusellose 'n Staatsbeheerde en aanmeldbare siekte is beteken nie dat die Staat daarvoor verantwoordelikheid moet neem nie. Die Staat moet dit probeer beheer en voorkom, maar brusellose is elke bees-, skaap-, bok- en wildprodusent se eie verantwoordelikheid en probleem, wat deur die produsent self hanteer en beheer moet word in samewerking met die Staat. Hierdeur word bedoel dat die produsent verantwoordelik genoeg moet wees om die korrekte riglyne te volg in die poging om sy kudde vry van Brusellose te hou en indien Brusellose wel in die kudde voorkom, korrek en volgens wettige riglyne moet optree.

Aangesien daar 'n stigma kleef aan 'n besmette kudde en die plaas deur die Staat onder kwarantyn geplaas word, lei dit daartoe dat baie produsente nie vir brusellose wil toets nie en gevolglik aansienlike finansiële verliese lei; en onwetend sy medeprodusent en buurman finansiële skade berokken. In 1952 was die finansiële verlies in Amerika aan verlaagde melkproduksie en aborsies as gevolg van brusellose alreeds 400 miljoen Dollar². Wat is die verliese vandag in 'n opkomende land soos Suid Afrika? Die Suid Afrikaanse produsent besef nie die finansiële implikasie van Brusellose nie en daarom word die voorkoming daarvan nie as belangrik geag nie.

Vir 'n geruime tyd was Suid Afrika verbied om enige vleis uit te voer weens Bek-en-Klou Seer. Op die huidige oomblik sit die veeprodusent met net so 'n groot probleem reg voor sy deur wat tot miljoene Rande se verliese aan uitvoerhandel tot gevolg het. Weens die tekort aan Suid Afrikaanse karkasse as gevolg van onder andere groot hoeveelhede aborsies, swak kalwers wat gebore word (weens brusellose) word naby geleë grense oopgegooi vir invoere van vleis na Suid-Afrika en die veepryse daal tot in die afgrond.

Brusellose kom in verskeie lande in die wêreld voor, maar daar is tog lande wat Brusellose vry bestempel word aangesien die siekte heeltemal onder beheer is.

'n Land word as siektevry bestempel indien daar vir 5 jaar geen aanmelding van die siekte voorgekom het nie.

Hierdie lande is:

Australië, Kanada, Ciprus, Denemarke, Finland, Nederland, New Zeeland, Noorweë, Swede en die Verenigde Koningryk.

Lande wat nie siektevry is nie is:

Die Mediterreense lande van Europa, Sentraal Asië, Mexico en Sentraal- en Suid Amerika,

Suid-Afrika is huidiglik nog die enigste land van Sub Sahara Afrika waar brusellose nog beheer en gemonitor word³.

Dit is van kardinale belang vir die Suid Afrikaanse vleisprodusent om homself/haarself op hoogte te bring rakende brusellose; die voorkoming en beheer daarvan.

Verspreiding van Brusellose.

1. Brusellose word versprei deur vlieë wat op die besmette fetus sit en dan op die oogsvlymvlies van beeste sit. Dit is nie algemeen nie maar wel 'n manier van verspreiding.



MAROGOA TENT HIRE & SERVICES

556 Dlamini Street | Phahameng | Bloemfontein | 9323
T: +27 51 726 9042 | F: +27 86 718 4849 | C: +27 82 404 1409
E: info@marogoatents.co.za | calgoza@vodamail.co.za

WEDDINGS | FUNERALS | PARTIES | CORPORATE & SOCIAL EVENTS

We hire out:

Tents & Frame Tents | Stretch Tents | Chairs & Tiffany Chairs | Tables | Stoves | Toilets
Flooring | Carpets | Plates | Sources & Cups | Cuttlery | Jugs | Salt & Pepper Set
Stainless & Three legged Pots
Dissert Bowls | Dishes
Glasses | Lights | Seat Covers
Table Cloths | Drums
Fridges | Gas Heaters



Atula

LANDBOUDIENSTE

KANTOOR

Launa: 083 310 0108
Lazelia: 084 777 1882

Andre: 083 298 1875
andрева@sidip.co.za

Piet Odendalweg 29 | Waterbron | Bainsvlei

Vir alle saad en kunsmis.

2. Voëls (Kraaie), rondloper honde, jakkalse en ander karnivore wat besmette fetusse of nageboortes van een kamp of plaas na die volgende sleep en diere besmet wat daaraan ruik.
3. Kampe wat besmet is en hergebruik word alvorens die bakterieë vernietig is.
4. Besmette biesmelk wat aan gesonde kalwers gegee word.
5. Kunsmatige inseminasie met besmette semen.
6. Verse wat latente draers is (Besmet maar nie bevestigbaar nie).
7. Vervoer van diere vanaf veiling met voertuie wat nie ontsmet is na vorige gebruik nie.

Kliniese Tekens van Brusellose:

Die algemeenste kliniese tekens vir die teenwoordigheid van *Brucella Abortus* in dragtige koeie is, aborsies, vroeë geboortes of self voltermyn geboortes van dooie of swak kalwers (gewoonlik in die tweede trimester van dragtigheid) wat gepaard gaan met 'n plasenta wat nie uitgeskei word nie.

Daar is ook ongeveer 'n 25% verlaging van melkproduksie in besmette diere.

Meeste van die besmette diere aborteer net een keer en kalf daarna normaal, maar die plasenta van die sogenaamde normale kalf bly besmet, en versprei sodoende aanhoudend die siekte deur die kudde.

Voorkoming van Brusellose.

Die beste manier om bemitting met brusellose in die kudde te voorkom is om toe te sien dat diere wat aangekoop word, vry is van Brusellose. Dit kan gedoen word deur diere aan te koop van produsente/ telers waarvan die kudde vry is van brusellose en nie net die diere wat aangekoop word nie. Die koper moet dus aandring op 'n CA4 Sertifikaat wat stipuleer dat die kudde vry is van brusellose.

Koop slegs op veilings waar brusellose sertifikate beskikbaar is. Alhoewel dit steeds riskant is aangesien die **CA3 Sertifikaat** slegs stipuleer dat die betrokke **dier** vry is van brusellose (en nie die kudde nie) op die spesifieke dag, is dit veiliger as wanneer geen sertifikate beskikbaar is nie.

Isoleer aangekoopte diere vir 'n geruime tyd (minstens 4 maande) van die res van die kudde en doen serologiese-/ bloedtoetse ten minste twee keer alvorens die diere in die kudde ge-integreer word. Brusellose se inkubasie tydperk kan wissel van 5 dae tot 8 maande alvorens dit ge-identifiseer word.

Ent verse met S19 tussen 3 en 7 maande en daarna

weer met RB 51. Dit sal aborsies voorkom maar nie die dier vrywaar van besmetting met brusellose nie.

Toets die hele kudde gereeld (jaarliks) deur middel van bloedtoetse.

Bestuur die kudde effektief en let op na gereelde aborsies en identifiseer diere wat nie kalf nie. **(Die Staat kan dit nie doen nie, dit is die produsent se verantwoordelijkheid).**

Beheer van Brusellose

Immuniseer diere

Dit moet baie duidelik deur die produsent verstaan word dat enting van gesonde beeste met S19 of RB51, die dier nie gaan vrywaar van besmetting met brusellose indien die dier aan brusellose blootgestel gaan word nie.

Besmette diere gaan ook nie gesond word indien die diere met S19 of RB 51 ge-ent word nie.

Enting voorkom slegs aborsies; 'n kliniese teken van brusellose. Deur te voorkom dat die vers of koei aborteer voorkom die veeprodusent die verspreiding van die siekte na die res van sy kudde en sy bure se kuddes.

Dit is uiters belangrik om S19 tussen die ouderdom van 3-8 maande te ent om sodoende entstof reaksie te voorkom en sulke diere kan eers na 18 maande vir Brusellose getoets word. Rasse wat vroeër vrugbaar is moet verkieslik nader aan 3 maande ge-ent word.

Huidiglik is daar ook kontroversie oor die presiese entings metode van RB 51 en is die aanbevelings op die voubiljet wat die entstof vergesel en aanbevelings deur veeartse verskillend.

Enting van diere met lewendige entstof soos S19 en RB51 dien slegs om teenliggame in die dier teen brusellose op te bou.

Toetsing

Serologiese toetse of bloedtoetse is slegs siftings ("screening") tegnieke om brusellose te identifiseer.

Geen toets is 100% akkuraat nie, en daar kan vals positiewe gevalle voorkom.

Die enigste metode naas serologiese toetse om brusellose in 'n kudde te bevestig is om 'n kweking van die bakterieë in die biesmelk of baarmoederuitloopse na kalwing of alternatiewelik in die nageboorte te maak of van limfkliere by slaging te neem.

Uitskot van besmette diere.

Indien diere in die kudde wel positief ge-identifiseer is vir brusellose moet eerstens serologiese toetse en

daarna met kweking van bakterieë, is dit raadsaam om sulke diere met hulle nageslag uit die kudde te verwyder deur slagting.

Besmette diere mag onder geen omstandighede verkoop word nie, aangesien dit die verspreiding van die siekte sal bevorder. Dit is ook die rede waarom plase waar besmetting voorkom onder kwarantyn geplaas word.

Diere wat geslag word moet met 'n C brandmerk gebrand word en met 'n geseëde voertuig onder die teenwoordigheid van 'n Rooikruis Permit na die slagpale vervoer word. (Ongelukkig beskik die Staat huidiglik nie oor die personeel en befondsing om dit volgens protokol uit te voer nie.) **Weereens is die onus op die produsent om die verantwoordelikheid te neem dat besmette diere nie verkoop word nie, maar geslag word.**

Biosekuriteit.

Die probleem met Brusellose besmetting is dat die diere nie siek voorkom soos in die geval van diere wat bloutong, of slenkalkoors onder lede het nie.

Dit is dus belangrik om eerstens diere wat besmet is te identifiseer en van onbesmette diere te skei.

Bestuur besmette diere soos hieronder voorgestel.

Hantering van 'n besmette kudde.

Indien die serologiese toetse wel bevestig het dat daar diere in die kudde is wat positief toets vir Brusellose word die volgende stappe gevolg om die besmette kudde weer 'n "Vry van Brusellose status" te laat verkry:

POSITIEWE KUDDE

Positiewe Toets

Toetsing elke 2 tot 3 maande tot 'n negatiewe toets verkry word.

1ste Negatiewe toets

Toets na 2 tot 3 maande

2de Negatiewe toets

Toets na 2 tot 3 maande

3de Negatiewe toets

Toets na 6 Maande

4de Negatiewe toets.

Indien die verse van die Positiewe diere in die kudde geslag is, kan die kudde (BM Vry Status) verkry.

Na 1 jaar

Onderhouds Program *Akkrediasie Program*
5de Negatiewe Toets

Jaarlikse Serologiese toets of 'n maandelikse Melk Ring Toets by Melk Kuddes *1 jaar later*

Kudde word in die Diagnostiese program geplaas en geen Sertifikaat word uitgereik nie *6de Negatiewe toets CA 4 Sertifikaat.*

Dit is dus duidelik dat dit tot 3 jaar kan neem alvorens 'n CA4 sertifikaat uitgereik kan word wat die status van die kudde weer kan herstel.

Opsomming.

Alhoewel brusellose 'n Staatsbeheerde en aanmeldbare siekte is, bly dit steeds die produsent se verantwoordelikheid om alle voorsorgmaatreels in plek te stel om te voorkom dat sy kudde met brusellose besmet word. Die Staat kan die reëls en regulasies neerlê, maar kan nie die produsent se kudde bestuur nie.

Indien 'n produsent se kudde wel besmet is met Brusellose is dit sy /haar verantwoordelikheid om in samewerking met die Staat te poog om die kudde weer skoon te kry en die verspreiding van die siekte te voorkom. Dit is nie net kommersiële kuddes wat besmet is nie, maar wel stoetkuddes ook en dus is dit die koper se verantwoordelikheid om aan te dring op brusellose sertifikate en die verkoper se plig om toe te sien dat 'n CA4 sertifikaat (Kudde vry van Brusellose) beskikbaar is by die verkoop van diere.

Die voorkoming van die siekte is aansienlik makliker en goedkoper as die bestuur van 'n besmette kudde. Indien ander lande vry van brusellose gesertifiseer kan word, kan Suid Afrika ook as 'n brusellose vry land gesertifiseer word. Dit kan weer lei tot 'n finansiële inspuiting met die uitvoer van diere na ander lande, 'n toename in gesonde bemerkbare kalwers wat sal voorkom dat buurlande se grense nie oopgemaak word vir die invoer van vleis na Suid Afrika wat die vleisprys drasties laat fluktueer nie.

Dit gaan van elke produsent self afhang of hy bereid is om die verantwoordelikheid te neem. Die finansiële voordele te pluk en 'n brusellose vrye kudde te geniet.

Literatuurverwysings:

1. Animal Diseases Act. 1984 (Act 35 of 1984). Bovine Brucellosis Scheme. Government Gazette, 9 December 1988.
2. Seleem. M.N, Boyle. S.M, Sriranganathan. (2010.) Brucellosis: A re-emerging zoonosis. Veterinary Microbiology. 140. 292-398.
3. McDermott. J.J, Arimi SM. (2002). Brucellosis in sub-Saharan Africa: epidemiology, control and impact. Veterinary Microbiology, 90. 111-134.
4. Morgan. W.J., 1969. Brucellosis in animals; diagnosis and control. Proc. R. Soc. Med. 62. 1050-1052.

JAKKALSKLOOF

FARMING COMMUNITY

- Registered breeder in Swellendam with Dexter cattle for sale
- Self-catering family accommodation on an organic farm
- Student training and biodynamic courses
- Children's holiday camps



JAKKALSKLOOF

FARMING
COMMUNITY

John Raimondo 082 441 7827 | info@jakkalsklooffarm.co.za | www.jakkalsklooffarm.co.za

THE SIGNIFICANCE OF Eye Muscle Area (EMA) IN CATTLE

Source: JOHN O'BRIEN – Elgin Park Dexters, Australia



The rib eye (eye muscle) is one of the largest muscles of the carcass. It lies on each side of the backbone and runs the full length of the back.

The area of the eye muscle or rib eye has a strong correlation to the total amount of muscles in the carcass.

The correlation is due to the fact that all muscles are proportional to one another within the carcass.

Among carcasses of the same degree of finish and weight an increase in the eye muscle area indicates an increase in yield of retail cuts of meat.

Most Dexters have a large eye muscle area relative to body weight – significantly greater than many other breeds.

This translate into a higher proportion of saleable meat for their body weight than other breeds.

The Measurement of Eye Muscle Area on its own does not tell us much. Converted to square centimeters per hundred kilograms of bodyweight, it allows us to compare animals of different sizes and weights in a fair and equitable manner. Eye muscle area is assessed by way of an ultrasound scan.

According to international shows – Royal shows and beef specific shows, bulls being shown are scanned and their EMA score is recorded. Generally the EMA score is written on the animals neck card to assist the

judge in assessing the merit of each individual animal. Dexter SA currently envisaged the same standards with all the relevant role-players to improve their assessing standard for Dexters at shows.

The relativity of the eye muscle is often the reason you hear reference to the “length of an animal”. Where you have good length and good volume of eye muscle your carcass yield is going to be proportionately higher.

Taking notice of the EMA scores can assist breeders in the selection of bulls to improve their herds quality and subsequent returns.

Only bulls are assessed on EMA as they are the animals able to have the greater genetic impact on a large number of animals. Generally beef production is through the male line. An entire herd can be improved by

the use of one good bull for one season. The impact of an individual female is relatively insignificant in a herd situation.




Photo of Eye muscle in Loin



Photo of Marbling in Dexter beef

THE SIGNIFICANCE OF EYE MUSCLE AREA (EMA) IN CATTLE >>

Lewendehawe-bemarking • Stoetvee-bemarking • Wildbemarking
Slagvee-bemarking • Losgoed-bemarking • Algehele Uitverkopings • Eiendomsbemarking



**DIE BESTE BOD
in die AFSLAERSBEDRYF!**



www.vleissentraal.co.za
hoofkantoor@vleissentraal.co.za

BESTURENDE DIREKTEUR • Anton Vos • 012 460 9916
BOSVELD, LIMPOPO & NAMIBIË • Johann Vosser • 015 491 3141
OOS-VRYSTAAT • André Pieterse • 058 303 5226
MPUMALANGA, GAUTENG & KWAZULU-NATAL
Wessel Meyer • 017 819 1106
SENTRAAAL-VRYSTAAT, NOORDWES & NOORD-KAAP
Wimpie du Plessis • 051 451 1439



<< THE SIGNIFICANCE OF EYE MUSCLE AREA (EMA) IN CATTLE

These results were derived from data from the 2003 Sydney Royal and the 2003 & 2007 Royal Melbourne Shows.

No of bulls in sample – 1091


No of breeds in sample – 31

We use only the known breeds, that is found in South Africa here.

| No of head | Breed | Rib Fat-mm | Rump Fat-mm | Average EMA- sq cm | Average Weight - kgs | EMA (in sq cm) per 100kg of bodyweight |
|------------|--------------------|------------|-------------|--------------------|----------------------|--|
| 24 | Dexter | 3.29 | 4.96 | 76.58 | 377.92 | 20.26 |
| 49 | Lowline | 5.45 | 8.55 | 71.06 | 405.55 | 17.52 |
| 7 | Miniature Galloway | 2.57 | 4 | 68.14 | 398.43 | 17.1 |
| 68 | Limousin | 4.12 | 5.91 | 116.74 | 695.9 | 16.77 |
| 14 | South Devon | 3.07 | 4 | 93.79 | 560.14 | 16.74 |
| 2 | Charbray | 4 | 8 | 113 | 738 | 15.31 |
| 17 | Braunvieh | 5.12 | 6 | 98.82 | 645.71 | 15.3 |
| 44 | Red Poll | 4.64 | 6.02 | 92.07 | 605.61 | 15.2 |
| 48 | Brahman | 6.1 | 9.25 | 96.88 | 651.73 | 14.86 |
| 77 | Charolais | 4.81 | 6.05 | 114.32 | 771.16 | 14.83 |
| 7 | Pinzgauer | 3.29 | 4.29 | 112 | 759.29 | 14.75 |
| 43 | Simmental | 4.63 | 5.84 | 111.21 | 755.86 | 14.71 |
| 15 | Belted Galloway | 3.67 | 5.67 | 77.87 | 530.8 | 14.67 |
| 12 | Galloway | 3.17 | 4.33 | 79.33 | 549.08 | 14.45 |
| 11 | Devon | 5.91 | 9.73 | 100.36 | 696.55 | 14.41 |
| 112 | Shorthorn | 6.37 | 9.54 | 106.24 | 738.7 | 14.38 |
| 38 | Santa Gertrudis | 7.5 | 12.26 | 108.61 | 756.39 | 14.36 |
| 8 | Braford | 6.38 | 10.25 | 99.75 | 697.5 | 14.3 |
| 20 | Dairy Shorthorn | 4.3 | 6.6 | 79.85 | 559 | 14.28 |
| 132 | Angus | 7.64 | 10.47 | 104.98 | 743.8 | 14.11 |
| 61 | Murray Grey | 7.31 | 9.25 | 106.74 | 762.11 | 14.01 |
| 55 | Poll Hereford | 8.24 | 11.76 | 103.55 | 742.27 | 13.95 |
| 90 | Hereford | 7.97 | 12.19 | 107.22 | 783.66 | 13.68 |
| 2 | Gelbvieh | 5.5 | 8 | 129 | 955 | 13.51 |
| 40 | Beef Shorthorn | 5.32 | 8.05 | 92.18 | 684.08 | 13.47 |
| 4 | Brangus | 6.5 | 9 | 81 | 603.5 | 13.42 |
| 1 | Romagnola | 6 | 6 | 145 | 1104 | 13.13 |
| 7 | Red Angus | 10.14 | 14.71 | 96.14 | 786 | 12.23 |

This chart consists of data from the 2003 Sydney Royal and the 2003 & 2007 Melbourne Royal Shows. It is compiled from 1091 Bulls representing 31 breeds over all three Shows.

EMA (in sq cm) per 100kg of bodyweight – Breed Average





“Tydens melktyd word die koeie 5 liter (emmer) lusern en 1 kg meel gevoer. My laktasieperiode per koei is ± 210 dae!”.

Melkproduksie BY DEXTERS

Deur: JOHAN DAFFUE (Melkprodusent van Bloemfontein)

Melkproduksie in Dexters ontlok altyd verskeie sienings en menings. Die Dexter is ‘n dubbeldoel ras. *“Ek teel al die afgelope 17 jaar dubbeldoel Dexters!”*

“Eerstens, voor ek met die artikel begin, wil ek net verduidelik hoe my stoet werk. My lakterende vroulike diere word net in die oggende gemelk. Die kalwers word saans afgehok vanaf 18h00 tot 06h30 met melktyd. Gedurende die dag loop die kalwers saam met die koeie en drink soveel hulle wil!”

“Tydens melktyd word die koeie 5 liter (emmer) lusern en 1 kg meel gevoer. My laktasieperiode per koei is ± 210 dae!”

Koeie

“Vanaf hulle tweede kalf gee my koeie my 5-8 liter melk per dag (hou in gedagte hulle kalwers is vanaf ± 07h00 tot 18h00 by hulle)”

Verse

“Verse, met hulle eerste kalf, gee my 4-5 liter melk per dag, Verse kalf op 24 maande. Ek hanteer hul ook soos die koeie hierbo!”

In Suid-Afrika, is die Dexter welbekend met ander dubbeldoelrasse soos die Simmentaler, Devon, Suiwel

Korthoring en die bruin Swiss. As daar ‘n vergelyking gemaak sou word tussen die Simmentaler, bruin Swiss, die Suiwel Korthoring en die Dexter t.o.v. bottervet %, proteien % en die laktasieperiode, lyk dit soos volg:

| Ras | VET% | PROTEIEN% | LAKTASIE TYDPERK |
|-------------------|-------|-----------|------------------|
| Suiwel Korthoring | 3.84% | 3.27% | 285 dae |
| Bruin Swiss | 4.18% | 3.46% | 308 dae |
| Simmentaler | 3.94% | 3.26% | 300 dae |
| Dexter | 4% | 3.51% | 210 dae |

Dexter melk se vetmolekules is baie klein en dit maak die melk maklik verteerbaar. Die room skei maklik af en maak uitstaande botter, roomys, en ander suiwel produkte. A.g.v. die kleiner vetmolekules is die melk meer homogeen as ander melk.

Die A2-proteïne is ook teenwoordig in Dexter melk. Hierdie proteïne is meer verkieslik in melk as die A1-proteïne wat ook in ander rasse se melk teenwoordig is.

Dexter melk vergelyk goed met suiwelrasse se melk, met die verskil dat die A1- proteïne afwesig is by die Dexter. Hierdie proteïne kom net voor in Dexter melk as daar kruisteling was met; bv. Jerseys.

As jy Dexter melk vergelyk met sommige van die suiwelrasse, wat aan ons bekend is, in SA, lyk die prentjie so:

| Ras | VET% | PROTEIEN% | LAKTASIE TYDPERK |
|----------|-------|-----------|------------------|
| Guernsey | 4.37% | 3.51% | 309 dae |
| Jersey | 4.91% | 3.70% | 296 dae |
| Dexter | 4% | 3.51% | 210 dae |

SELEKSIE VAN DEXTERS VIR MELK: ALGEMENE WANOPVATTINGS

Dexters kalf maklik en wanneer hulle slegs melk vir hulle kalf hoef te produseer pas hulle, hulle melkproduksie aan volgens die behoefte van die kalf.

UIERVORM:

Uier: Loop lank saam met onderlyn, wyd en van gemiddelde diepte. Vol en goed gebalanseerd in al vier simmetriese kwarte. Strek vêr vorentoe en heg sterk aan. Agteruier aanhegting is wyd en hoog. Spene is goed geplaas in die hoeke van die vier kwarte en is eenvormig en van 'n gemaklike grootte. Silindriese vorm en vryhangend. Vêr van mekaar en hang vertikaal (reguit af). Sagte tekstuur, soepel en elasties. Uier moet goed ingesak wees na melk. Geen oormatig be-aaring op die een of die ander, of beide die uier en lyf nie. Uier moet goed bo die hakke gedra word.



Die uier is te klein.



Oneweredige spene en die uier neig na te diep.



Verskillende speendiktes.

Min Dexter eienaars melk hulle diere. Dit het gelei tot verskeie mistastings vir melkseleksie.

SOMMIGE ALGEMENE WANOPVATTINGS:

Hierdie is 'n "suiwel" Dexter

"Die kondisie of liggaamsvorm beteken nie sy is "suiwel" nie. Sy mag selfs in 'n swak voeding gekry het, nou of toe sy 'n kalf was. Sy mag dalk ondergewig wees.

Net omdat sy langer bene het, langer lyk, maak haar nie "suiwel" nie. Dit beteken nie sy is 'n goeie "melker" nie of dat sy 'n goeie uier het nie. Wees versigtig om diere te etiketteer volgens hoe diere lyk. Diere met wydte tussen die agterbene melk maklik en het gewoonlik 'n breër agteruier aanhegting, wat die uier beter ophou!"

"Uit ondervinding, proporsioneel gewys, gee my koeie van 280 kg - 330 kg meer melk as die koeie van 350 kg - 450 kg!"



Zandu-DexTERS

JJ Daffue & seun

Die dubbeldoelmeesters



Gavenid-Zandu Tobie

Reserwe Juniorkampioenbul, Bloemfontein skou 2012.
Raskampioen, Pretoria skou 2014.
Groot kampioenbul, Bultfontein skou 2014.



Zandu Thalia

Superkoei 2014-2015, raskampioen Bultfontein Skou 2014.
TKP 320, gemiddeld 5 liter melk per dag, per laktasie.
Gemiddelde speengewig van kalwers \pm 180 kg op 190 dae.

- Dubbeldoel Dexterkudde sedert 1998.
- Kudde landwyd bekend vir uitstekende vroulike diere.
- 'n Kalfpersentasie van 95%
- Kudde doen ook prestasietoetse - fase C.

Posbus 34017,

Faunasig, BFN 9325

082 338 5319

072 534 0022

ansiedaffue@gmail.com

pieterdaffue@gmail.com





Dexters kan met die hand of met 'n melkmasjien gemelk word.

"Of jy nou jou Dexter melk vir huisgebruik of om die melk plaaslik te verkoop; die volgende berekening wys hoe winsgewind dit is om jou Dexter te melk:

- 5-8 liter melk per dag per dier oor 'n laktasieperiode van 200 dae. Verkoop dit plaaslik, bv. aan die buurman @ R6-00/liter en dit bring jou op die bedrag van R7200-00 per dier per laktasie.

Laastens: My vroulike diere speen hul kalwers vanaf 160kg en meer op 200 dae(±6 maande).Die koei en haar kalf, bring 'n aansienlike inkomste na die tafel toe. Maak hierdie som van toepassing op jou eie kudde!"

¹ Johan Daffue (eie woorde en waarneming)

Deur: HERMAN DUVENHAGE (Snr. Interras Beoordelaar)

Dit het my opgeval hoe die Dexter oor die jare van 2006, toe ek die eerste keer hulle beoordeel het, verander het in verskeie fasette.

Die lengte van Kruis na Sitbeen is van besondere lengte in die Dexters wat ons vandag sien, wat direk bydra na die vooruier lengte wat gemeld word in bogenoemde artikel, die wydte tussen die sitbene wat 'n direkte invloed op agteruier hoogte en breedte het, wat ook gemeld word het dramaties verbeter in die Dexter van vandag.

Dit is algemeen om 'n Dexter koei van 8 jaar en ouer te kry wat se uier nog bo die hak is, besondere eienskap in enige ras, maar wat baie opvallend in die Dexter is.

Die gemiddelde lewensduur van 'n Dexter is 17 – 18 jaar, ongekend in enige ander ras.

Die gemiddelde Gerigistreeerde Holstein produseer 15x haar liggaamsmassa per laktasie. Die Dexter wat nie slegs vir melk aangewend word nie, produseer 10 x haar liggaamsmassa per laktasie. As ons na die statistiek kyk in bogenoemde artikel produseer die Dexter koeie 4 x hul liggaamsmassa en speen nog steeds 'n kalf van 52% en meer van hul liggaamsmassa. Watter ander ras speen 52% van hul liggaamsmassa as n reël?

Ek wil nie vergelyking maak nie, maar dit sal interresant wees om soortgelyke data van die ander Dubbel Doel rasse, asook suiwer suiwel rasse te sien aangaande melkproduksie x liggaamsmassa per laktasie asook gemiddelde speen % van suiwer vleisrasse.



Voorbeeld van 'n bulldog kalf

The Bulldog

GENE IN DEXTERS (Chondrodysplasia)

<http://www.dextercattle.org/genetics/CDChondroArticle.pdf>

Bulldog dwarfism in Dexter cattle is one of the earliest single-locus disorders described in animals and has been documented in Dexter cattle since the early 1900s. Affected fetuses display among other defects, severe disproportionate dwarfism, short vertebral column and a large head. Typically, they die around the seventh month of gestation, precipitating a natural abortion.

Heterozygote's have one copy of the defective allele and produce the favoured short-legged phenotype of Dexter cattle and showing a milder form of dwarfism, most noticeably having shorter legs. Thus, selection for the preferred Dexter phenotype may maintain a lethal allele in high frequency in the population. Breeding carrier animals together will produce 25% affected fetuses and leads to a reduction in the number of live born offspring. In homozygotes the defect is a major problem for Dexter breeders as these animals result in a loss of a calf for that season.

Bulldog dwergisme by Dexter beeste was een van die eerste enkellokus genetiese toestande wat reeds in die vroeë 1900's beskryf is. Aangetasde fetusse toon verskeie afwykings wat insluit erge dwergisme, 'n kort ruggraat en 'n groot kop. Die erge dwergisme word toegeskryf aan abnormale kaakbeenvorming genoem chondroplasie. Tipies vrek die fetusse teen sewe maande dragtigheid wat dan aanleiding gee tot aborsie.

Heterosigote (draer diere met een kopie van die defektiewe geen) toon minder erge vorme van dwergisme en diere het gewoonlik opsigtelike korter bene. Hierdie diere toon die verkose fenotipe vir Dexter telers en seleksie van sulke diere behou dus 'n potensiale letale geen in die beespopulasie teen hoë frekwensie. Telling met draer diere het teoreties 'n 25% kans vir geaffekteerde nageslag wat tot 'n verlies van 'n kalf vir daardie seisoen kan lei.

Inheritance

Bulldog Dwarfism is inherited in an autosomal recessive trait. This means, that the individual can be free of the disease (homozygote normal), affected (homozygous affected) or carrier (heterozygous, one mutant gene and one normal gene). Carriers may spread the mutation in a population without showing symptoms themselves. Because of this, it is extremely important to identify carriers correctly and prevent the mutation spreading in the herd. No treatment is available for this disease.

Breed dependence

The DNA test is available for the following breeds: Dexter and Dahomey and Brahman cattle. Bulldog dwarfism in Dexter's is caused by mutations in the aggrecan gene (ACAN). The most common mutation is BD1. A diagnostic test for BD1 has been developed and is available to help Dexter breeders avoid production of bulldog calves. This mutation has also been found in the Brahman breed of cattle.

Sample type

For the DNA test the following samples are accepted: hair, sperm, EDTA blood or any other tissue.

Results

An animal can be disease free and has in this instance two healthy genes. If used in breeding programs, this animal will not become ill due to the disease and also cannot spread the disease in the herd or any other herd either.

Carrier animals have one healthy and one disease gene. When used in breeding 50% of the offspring will receive the disease copy of the gene. Carriers will not become ill and perform at the same level as normal animals.

An affected animal has inherited two disease genes and will be aborted by the 7th month of pregnancy.

Results are usually available within 7 working days from receipt of samples.

Oorerwing

Bulldog Dexter dwergisme word as 'n ressesiewe genetiese eienskap oorgeërf. Dit het tot gevolg dat individuele diere vry van die toestand (homosigoties normaal) kan wees, draers van die toestand (heterosigoties) of geaffekteerd (homosigoties geaffekteerd) kan wees. Draers (heterosigote) kan dus die siekte in die kudde versprei sonder om self simptome van die siekte te toon. As gevolg hiervan is die baie belangrik om draers (heterosigote) te identifiseer en nie as suiwer stoetteeldiere te gebruik nie aangesien die defektiewe geen vinnig in kuddes versprei kan word. Daar is geen behandeling vir die bulldog dexter toestand nie.

Is die Bulldog dwergisme rasgebonde?

Chondroplasia (Bulldog dwergisme) is reeds in Dexters, Dahomey en Brahman beeste beskryf. Bulldog dwergisme in Dexters word veroorsaak deur mutasies in die aggrecan geen (ACAN). Die algemene mutasie is die BD1 mutasie en kan met behulp van 'n DNA toets opgespoor word. Dexter telers kan dus die genetiese toestand uit hul kuddes teel deur diere te toets en parings korrek te bestuur.

Monsters benodig

DNA toetse kan voltooi word op DNA verkry vanaf bloed, haarwortels, semen of ander weefsel soos vleis.

Resultate

Resultate sal aandui of die dier siekte vry is (geen mutasie teenwoordig) en dus kan die siekte nie versprei in 'n kudde nie. 'n Draer dier (heterosigoot) het een mutante geen en een normale geen. Indien so 'n dier in parings gebruik word kan 50% van die nageslag, net soos die ouers, draers vir die siekte wees, terwyl 25% "skoon" (dra geen mutante gene) kan wees terwyl 25% deur die siekte geaffekteer sal word en sal vrek. Resultate is onder normale omstandigheide binne 7 werksdae na ontvangs beskikbaar.

Op die Algemene jaarvergadering van die SA Dexter Telersgenootskap van SA van 2010 is 'n besluit geneem dat telers slegs Bulldog-negatiewe bulle mag verkoop. Dit is gedoen om kopers sowel as verkopers te beskerm.



Voorbeeld van Bul wat geen dra.

DIEREDIENSTE / ANIMAL SERVICES

unistel®

The ultimate genetic service laboratory for:

DNA Profile Analysis
Guarantee Genealogy of animal
Individual animal identification
Mitochondrial DNA verification



Tel: +27 21 938 9213 • **Fax:** +27 21 932 0065

Email: mpm@sun.ac.za

www.unistelanimalservices.co.za



Marso Uthando

BOERDERY BK

Bietjie Dexters



BIETJIE GABRIELLA
op 6 maande



BIETJIE FAWN
op 3 weke



MRALD OVERTURE
op 18 maande. Hy is 'n dun, homisigotiese poena bul. Baie goeie melk en vleiseienskappe. Chondroplasia negatief. Hy het 'n baie goeie temperament en dra dit ook an sy kalwers oor. Hy kom uit 'n baie vrugbare ma en sy suster was PDCA Nasionale Kampioen in 2006.



17 Maande
BIETJIE ARIE



5 Maande



BIETJIE BIANCA
Vol suster van Arie op 3 maande

Arie is 'n poena, chondroplasia negatiewe swart bul, wat die dun-geen dra. Hy is goed bespierd met goeie bouvorm en 'n uitstekende temperament



Dexters

Opreg in ons strewe

083 455 9279
084 341 6542

Bloemfontein
jvanaswegen5@gmail.com



- Junior uier 2013
 - Junior kampioen vroulik 2013
 - Groot kampioen 2013
 - Nasionale raskampioen 2013
 - Dubbeldeel opperste junior vroulike dier 2013 - Interras
 - Dubbeldeel raskampioen vroulik 2013 - Interras
- Nasionale kampioenskappe 2013
-
- Senior uier 2014
 - Senior kampioen vroulik 2014
 - Groot kampioen vroulik 2014
 - Raskampioen 2014
- Bloemskou 2014



Junior uier 2012



Cross

BREEDING DEXTERS with other breeds

Deur: O.P. BARNARD (Ockie)

Why considering crossbreeding in the first place?

Crossbreeding beef cattle breeds offers two primary advantages relative to the use of only one breed: 1) crossbred animals exhibit heterosis (hybrid vigour) and 2) crossbred animals combine the strengths of the various breeds used. The goal of a well-designed, systematic crossbreeding program is to simultaneously optimize these advantages of heterosis and breed offspring with complementarity characteristics derived from all original breeds involved.

Heterosis or hybrid vigour refers to the superiority in performance of the crossbred animal compared to the average of the purebred parents. Heterosis may be calculated using the formula:

$$\% \text{ Heterosis} = [(\text{crossbred average} - \text{purebred average}) \div \text{purebred average}] \times 100$$


For example, if the average weaning weight of the purebred calves was 150kg for Breed A and 220kg for Breed B, the average of the purebred parents would be 185kg. If Breed A and Breed B were crossed and the resulting calves had an average weaning weight of 185kg, heterosis would be calculated as:

$$[(185 - 150) \div 150] \times 100 = 23 \%$$

This 23% increase, or 35kg in this example, is defined as heterosis or hybrid vigour.

The other important advantage to crossbreeding is the ability to take advantage of the strengths of two or more breeds to produce offspring that have optimum levels of performance in several traits. As an example, British and Irish breeds (such as the Dexter) generally excel in marbling potential whereas Continental breeds (such as Charolais, Chianina, Gelbvieh, Limousin, and Simmental) typically are superior for red meat yield. In South Africa the tendency is to breed *Bos taurus* (European cattle breeds) with *Bos indicus* (African 'Zebu' cattle breeds) to combine the hardiness of the African breeds with the meat quality of the European breeds.

Combining the breed types results in offspring that have desirable levels of both quality grade (marbling) and retail yield (yield grade). Similarly, milk production and growth rate may be most effectively optimized by crossing two or more breeds. Effective crossbreeding programs must be designed to optimize performance, not necessarily maximize it.



Hoekom Dexter- bulle in kruisteling?

Die redes vir die gebruik van die Dexter-bul in 'n kruistelingprogram verskil na gelang van beesras tot beesras.

In die geval van die ander kleiner rasse, wil 'n teler steeds graag sy beeste se kleiner raam behou aangesien hy/sy die voordeel wil verkry uit die getal beeste wat aangehou kan word per hektaar en waar die weiding nie so volop is nie. Die Dexter sal die volgende voordelige bydraes maak:

- 1) Beter speenpersentasies (kalf se gewig as % van die koei) te verkry met gepaardgaande beter groei.
- 2) Beter gehalte vleis aangesien die Dexter bekend is vir sy marmering en donkerder vleis. (Sien Wikipedia en ander gedokumenteerde verwysings) Dit is n bekende feit onder alle slagters en vleiskenners dat ligter vleis 'sagtheid' beteken en donkerder vleis weer 'smaak'.
- 3) Beter uitslagpersentasies aangesien Dexters bekend is vir uitslagpersentasies van meer as 55%.

As Dexter bulle gebruik word met kruisteling by die groter raam beeste, is die volgende van belang:

Dexter-bulle kan grootraam verse op 12-14 maande oud dek, aangesien Dexters bekend is vir kalwers met besonderse lae geboortemassa en dus nie

kalfprobleme vir daardie tipe verse veroorsaak nie. Die verse kalf dan op 21-23 maande as hul op 12-14 maande gedek was.

1. In 2008 het Mnr Coen van Tonder 'n Dexter-bul met 10 Simbra verse gepaar. Almal was met die eerste dekking dragtig. Die gemiddelde geboortegewig was 31kg. Toe die kalwers in 2009 op 210 dae gespeen was, het hul tussen 193kg en 234kg geweeg. Uitstekend as in ag geneem word dat hierdie diere die eerste keer op 33 maande sou gekalf het. Hulle het egter op 33 maande vir n tweede keer gekalf van n Limousin bull!
2. Sien ook die aangehegte foto's van Dexter kruiskalwers met Sussex Koeie van Mnr Johan Nel. Die kalwers se gemiddelde gewig was 26kg by geboorte. Let veral op die uitstekende bouvorm van die kalwers.
3. Sien ook die aangehegte foto's van Dexter kruiskalwers met Tuli koeie van Mnr Hendrik Strydom. Weereens wys dit op hoe voortreflik die Dexter kruisras kalwers vertoon.

Verwysings bron: University of Minnesota Beef Team



Gerald Jaeger

082 821 1501 - synefs@gmail.com

Sam Marx

084 548 4971 - sbmarx@vodamail.co.za

**Regstellende beesras van die toekoms
Affirmative cattle race of the future**

**Doeltreffende vleis en melk bees
Essential meat and milk animal**

**Maklik hanteerbaar
Easy to handle**

Logix

AANTEKENINGE MAKLIKER GEMAAK

Deur: HERMAN LABUSCHAGNE (Manager: Data Services Stamboek)

Logix is die akroniem vir *Livestock Operational and Genetic Information Exchange*, 'n gratis internet gebaseerde program waardeur stoet telers 24 uur per dag toegang het tot hulle data op die Logix stelsel. Die sukses van 'n vleisbeesvertakking kan verhoog word indien die teler toepaslike inligting kan aanwend om meer doeltreffende besluite te neem oor sy produksie proses. Logix stel so telers in staat om direkte toegang te verkry tot die jongste teelt- en produksie-inligting van sy kudde, soos aangeteken op Logix.

Toegang kan verkry word tot die program deur te gaan na www.logix.org.za en in te teken as gebruiker. Logix verskaf nie net bloot statistiek nie; dit gee toegang tot uitgebreide tersaaklike verslae wat telers kan ondersteun in hul pogings om hul kuddes meer produktief te maak. Die inteken prosedure is maklik en elektronies waarna 'n gebruikerskode en wagwoord voorsien word. Enige teler wat lid is van die Dexter telers Genootskap kan toegang verkry tot die program asook bedryfsverwante persone soos 'n Buro of Konsultant. Die eienaarskap van die data word erken en verskeie vlakke van toegang kan ge-implimenteer word. Ras Genootskappe het bv. toegang tot die hele ras se data en verskeie funksionaliteite is beskikbaar. Die program is tweetalig en kan gestel word in Afrikaans of Engels.

Soek funksie

Die menu op Logix raak al hoe meer omvattend en omdat die gebruikers nie elke dag blootgestel is aan die program nie vergeet die gebruiker soms waar op die menu 'n spesifieke skerm is. Die "Soek" funksie is geskep om vinnig by die betrokke skerm uit te kom. Tik bv. net die woord geboorte- kennisgewing in en die stelsel sal al die opsies tot die gebruiker se beskikking vertoon waarna hy net een kan kies en aangaan met wat hy wil doen op Logix.

Kortpaaie

Hierdie funksie is geskep om die gebruiker in staat te stel om vinnig by die skerms wat die meeste gebruik word uit te kom. Dit is soms frusterend om deur die hele menu te werk om by die regte skerm uit te kom en om hierdie rede is Logix meer gebruikers vriendelik gemaak met die kortpaaie opsie. Die skerms wat die meeste gebruik word is met die druk van 'n knoppie beskikbaar. Die res van die skerms is nog steeds beskikbaar deur die menu te gebruik.

Verslae

Verskeie nuttige verslae is beskikbaar onder die volgende opskrifte;

Administratiewe verslae

Administratiewe verslae sluit in verslae soos die Inspeksielys met kenmerke van al die diere in 'n kudde lys wat nog nie geïnspekteer is nie. Die inspeksie sowel as die keurkodes en linieëre klassifikasies word op die verslag aangeteken en teruggestuur vir verwerking. Die Embrio- en Semenskenkerlys is 'n lys van al die beskikbare geregistreerde skenkers in 'n ras. Die Lys van PEN diere vertoon die diere waarvan inligting uitstaande is voor die dier ten volle aangeteken kan word op stelsel.

Produksie- en stamboomverslae

Hierdie verslae sluit in die Uitvoersertifikaat wat in die korrekte formaat is indien diere uitgevoer moet word en toestemming by die Registrateur verkry moet word. Die Vyfgenerasiestamboom is handig indien diere verkoop word en die koper belang stel in die voorgeslagte van die dier. Koei- en Bul nageslagopsommings kan vir individuele diere getrek word om die nageslag van die betrokke dier te evalueer. Die Kraalkaart is 'n baie handige verslag

LUNDI

Dexter Stoet



Baie dankie aan **A&A Dexters** met die aankoop van
Lundi Rooimoer vir R26 000

Besoekers altyd welkom!

Kobus van der Linde
Bronkhorstspruit
082 783 9605
lundi@lantic.net

omdat dit baie inligting vertoon van 'n dier veral as diere uitgesoek moet word vir uitskot. Verder is daar die Driegerasie stamboom met teeltwaardes wat 'n drie generasie stamboom vertoon sovel as die nuutste teeltwaardesyfers van die betrokke dier.

Reproduksie verslae

Reproduksie is tog die belangrikste eienskap waarvoor geselekteer moet word en die reproduksie verslae beskikbaar maak dit makliker. Verslae soos die Kuddereproduksieverlag en Kuddestatus verslag gee 'n vinnige oorsig van 'n kudde se reproduksie status. Met die hulp van die Oorskryding van reproduksie norme verslag kan diere wat nie aan Rasstandaarde of die telers se eie standaard voldoen nie geïdentifiseer word deurdat die telers self sy kriteria kan stel. Opsommende reproduksiestatistieke verslag, Reproduksie status verslag en Detailreproduksie verslag is nuttig om die sub fertile diere te identifiseer wat uitgeskot moet word.

Produksie verslae

Produksie verslae sluit in die BLUP Bloedhond waarmee die teler 'n bul of koei in die ras kan gaan soek met spesifieke teeltwaardes. Dit is veral handig as 'n spesifieke bul of koei gesoek word om korrektiewe paaring mee te doen. Die gebruiker kan self die standaard en kriteria stel en die stelsel sal die diere soek in die ras. Die Genetiese analiese wat die hele kudde se diere met hulle teeltwaardes bevat kan hier moeitvry besigtig en afgelaai word. Om produksie aantekening makliker te maak kan die weeglys gebruik word om data mee op te neem. Die gebruiker kan weeglyste druk en invul en instuur Stamboek toe vir verwerking. Verslae soos die Koeinageslag kan gebruik word om 'n koei se nageslag se produksie prestasie te evalueer op een verslag. Die Speen & Na speen verslag kan enige tyd getrek word van enige toets op stelsel. Die Groeitoets verslag, RTU skandering verslag, Prestasie sertifikaat en Liggaamsmates verslag kan na die afloop van 'n groeitoets van Logix afgetrek word in PDF formaat. Die baie bruikbare Teeltkuddeseleksie verslag kan gebruik word om eie kriteria te stel op reproduksie en teeltwaardes om diere te identifiseer vir uitskot of wat die kudde se gemiddeldes nadelig beïnvloed.

Inventarislyste kan getrek word vir stoet sowel as die kommersiele kuddes en word gebruik vir fakturering jaarliks. Die Vryformaat verslag is 'n handige verslag wat die gebruiker in staat stel om sy eie verslag, te definieer en self die kriteria te stel, te onttrek.

Dienste

Deur gebruik te maak van die Dienste opsie kan

deur die Nutsprogramme weegdatum grense vir die toets van 'n groep diere maklik bereken word. Die data onttrekking fasiliteit bied die gebruiker die geleentheid om sy plaassagteware se data enige tyd op te dateer met behulp van hierdie funksie. Die gebruiker het die keuse om die hele kudde of enkele diere se data in 'n een, drie of vyfgenerasie formaat te onttrek om in sy plaassagteware in te trek.

Data opname

Die data opname fasiliteit bied die gebruiker die opsie om data deur die internet op Logix aan te teken. Transaksies soos geboortekenningsgewings, kanselasies en produksie data kan maklik aanlyn aangeteken word op Logix en die diere is binne ure aangeteken en op stelsel. Die teler kan bv. sy Inventaris lys trek en dit deurwerk, aanlyn gaan en die geboortes en kanselasies aanteken en die inventaris is binne ure opgedateer sonder dat 'n hele proses betrokke was. Produksie data word maklik deur die fasiliteit opgeneem en skakel baie papierwerk uit en bespaar tyd. Die gebruiker kan 'n sekere groep diere oproep op stelsel en net die gewigte en kodes opdateer en die toets wegstuur. Die gebruiker kry dan binne ure 'n e-pos terug met die resultate en kan hy sy seleksie doen.

Elektroniese per kapita

Die nuutste toevoeging tot Logix is die elektroniese per kapita. Die gebruik was elke jaar dat Stamboek vir elke teler 'n per kapita uitstuur teen hoë koste en baie min word teruggestuur. Om die per kapita proses goedkoper en meer effektief te maak is hierdie fasiliteit geskep. Die gebruiker kan sy per kapita lewendig trek op stelsel en die veranderinge direk daarop aansuiwer en met die druk van 'n knoppie is die kanselasies gestuur. Die teler kan 30 minute daarna weer 'n per kapita trek en die diere sal gekanseleer wees.

BLUP

Die BLUP fasiliteit bied die gebruiker maklike toegang tot sy eie BLUP data. Deur te gaan na die BLUP opsie en te klik op die Genetiese waarde Bloedhond kan die teler 'n bul of koei gaan soek in die hele ras met spesifieke teeltwaardes. Die Genetiese analiese (PDF) bied die teler die geleentheid om enige tyd sy kudde se Genetiese analiese wat sy hele kudde se teeltwaardes bevat te onttrek en te gebruik na goeddenke. Die gebruiker beskik oor die fasiliteit om sy plaassagteware program elektronies op te dateer met sy kudde se BLUP teeltwaardes. Dis maklik om net die leër af te laai en in te trek in sy plaassagteware en al sy data is dan op datum.

Veilingskatalogusse

Katalogusse

Hierdie opsie gee enige persoon toegang tot veilingskatalogusse wat gefinaliseer is en gereed is vir gebruik. Enige iemand wat geïntereesd is in 'n ras of veiling kan aanlyn inteken as gas gebruiker en die katalogusse besigtig en aflaai. Die katalogusse is op die stelsel tot twee dae na die veilingdatum waarna dit verwyder word. Die lys van veilings is dus al die toekomstige veilings waarvan katalogusse beskikbaar is.

Diere/Semen te koop

Die stelsel maak voorsiening om u diere te adverteer op Logix teen 'n moninale fooi vir drie maande. Die

gebruiker kan self sy diere nomineer wat uit die hand te koop aangebied word. Die reserwe prys kan aangetoon word asook opmerkings. Die diere of semen wat te koop aangebied word is te sien onder die Katalogusse opsie onder diere te koop of semen te koop. Veilings katalogusse is nog steeds onder Veilings katalogusse beskikbaar.

Opsomming

Logix is 'n gratis internet gebaseerde program waardeur die gebruiker toegang verkry tot sy eie sowel as die ras se data op die Logix stelsel. Dis maklik om te gebruik en 'n hulpmiddel waarsonder die stoet vleisbeesboer nie sonder kan klaarkom nie.

TOMAR DEXTER STOET



Tom: 084 514 5697 • JL: 081 013 8585 • Mariette 084 208 0559 • tcsmans@gmail.com • Posbus 2018 • Bethlehem • 9700

KAMPIOENE TEEL KAMPIOENE • CHAMPIONS BREED CHAMPIONS

GETTING READY . . . GET SET . . . Show!

Deur: O.P. BARNARD (Ockie)

U is die trotse eienaar van Dexter beeste en kon om verskeie redes in die ras belê het. Iemand het eendag aan my genoem dat daar tans 2 groepe telers is:

1. 1 Group is called 'Keepers'. (They want some good looking animals around them ... like a pet almost.)
2. 1 Group is called 'Breeders'. (They love the breed as well, but also want to make money by breeding with them.)

Graag wil ek vandag die belangrikheid van advertering/bemarking beklemtoon. (To make money with this breed!). One of the best options in marketing, would be..... Showing your animal in the show ring!

Showing Cattle is fun for all ages but getting started is sometimes a scary proposition that many dread and worry about which makes it stressful for human and bovine alike. That first step into the show ring does take preparation and planning, but it is nothing to worry about – it is something to look forward to.

Here are some very basic things that should be done in preparation of your first show;

1. Know your cow. This may seem like a no brainer – but knowing what sets your cow off, what relaxes her and how to get her to do what YOU want her to do, without her knowing it sets you ahead of the game.
2. As weather permits, bathe your cow and see how she looks. Is her coat sun bleached or winter dried? Does she still have her calf coat? These things will help you determine whether she needs some intense hair conditioning, whether her coat looks show ring beautiful or if she needs a body clip.
3. You should practice, practice, and practice. 5 minutes a day is all it takes to familiarize yourself and your cow to walking, stopping, being set up and standing still. Take advantage of strangers

coming to your farm by having them walk completely around your cow as you hold her in a standing position. You would be surprised how many pocket friendly cows do not want someone they don't know standing behind them and admiring their hind legs and udder.

4. Plan your equipment and use it at home. It is wonderful to have a nice shiny brand new show halter but use it several times before show day. A lot of folks buy show halters at the show grounds, which is fine, but still practice several times before ring time. A chain under the chin is something the cow needs to get used to and even the chain on popular control halters are a bit different than the ones on show halters., so again..., practice.
5. Tie training. Find a sheltered space at your farm that you can tie her for long periods of time safely. The show grounds should not be the first place your cow has ever been tied and left. And don't forget to tie her short enough that she won't get her legs tangled up, but long enough for her to lay down. Also invest in a neck rope. For about R100 it is extra insurance should 'Blommie' become Houdini and get out of her halter. Neck ropes are mandatory at most shows.

Ek het ook vir Herman Duvenhage (bekende senior inter ras beoordelaar) gevra om die hoofpunte deur te gee, waarna hul kyk, tydens beoordeling. (SIEN HIERONDER)

Dexter Skou Beoordeling

Die 5 funksionele eienskappe wat inag geneem moet word tydens beoordeling en ook seleksie.

1. **TOPLYN:** wat bestaan uit die Kambeen, lende, (gesamentlik die rug) en die kruis gedeelte, die gedeelte van die Heup na die sitbeen.

Effe wigvormig oor die kambeen gedeelte, nie te grof of oor gerond, sterk bree lende, genoegsame

lengte in die kruis. Goed gevul en verkieslik 'n val van ongeveer 5 cm van heup na sitbeen. Goeie breedte tussen sitbene, wat gepaart gaan met breedte in die uier en hoë agteruiers aanhegting.

- 2. BENE:** van agter gesien, moet vierkantig staan met pote wat effe uitdraai na buite, nie uitermatig, dit veroorsaak koei- hakkigheid. Van die kant gesien nie te regop in die hak veroorsaak probleem met beweging en swelling in die hak, ook nie te sekel wat veroorsaak dat dier op agterste gedeelte van hoef loop, maw. Verspreiding van gewig is nie eweredig verdeel op hoewe en plaas baie spanning op poot gewrig, wat die gedeelte is vanaf byklou tot met haarlyn op hoef.
- 3. UIER:** Verkieslik in jong diere moet uier vloer bo die hak wees, goeie ligament en spene korek geplaas op die 4 kwarte. Uier moet sag en soepel voorkom. Spene nie te groot en misvorm.
- 4. LIGGAAMSDIEPTE EN KAPASITEIT:** Genoegsame liggaamsdiepte gemeet van rug tot op onderlyn. Kapasiteit word weerspieël met die sprong van die ribbes, ribbes moet van rug uitwig en oopmaak, om sodoende genoeg ruimte te hê vir die hoeveelheid ruvoer wat ingeneem moet word om produktief te funksioneer.
- 5. Vroulikheid, of in die manlike dier Manlikheid.**

Vroulike dier, moet 'n toonbeeld van vroulikheid wees, skoon oop kop effe platter in die nek met n gladde aansluiting van nek na skouers. Effe skerp oor die kambeen gedeelte, platter in die buite dye en nie oormatig gevul in die binne dye, met n platter been struktuur.

